Enige navrae:
Skakel die kerkkantoor 012-991-1542
Faksnommer: 086-628-6889
E-pos: kantoor@valleisig.org.za
Webblad: www.valleisig.org.za
Kantoorure: Dinsdae 09:00 tot 13:00
Ma., Wo., Do. en Vrydae 08:00 tot 13:00

Leraars:

Ds. Janet Cruywagen	**082-466–1265**
Ds. Benja Ferreira	**084-873-6736**
Ds. Dewald Niemandt	**079-499-5112**
Ds. Doret Niemandt	**071-204-0584**

Valleisig GEMEENTE
Valleisig verteenwoordig die Koninkryk van God

14 April 2019

Baie Welkom by Valleisig

Om Belydenis van geloof af te lê beteken dat jy voor die gemeente getuienis gee van die spesiale verhouding wat God met jou het. Baie geluk aan Renate, Marco, Tiana, Neil, André en Marco Visser wat vanoggend belydenis van geloof gaan aflê.

Renate Coetzee

Marco Fivaz

Tiana Labuschagne

Neil Smit

André van Wyngaardt

Marco Visser

Belydenisaflegging

Eredienste

14 April 09:00	19 April *Goeie Vrydag*	21 April 09:00
Belydenisaflegging 6de **Lydenssondag** Prediker: Ds. Dewald Niemandt Tema: Ek is .... die Wingerdstok **09:00** Kleuterkerk **10:15** Kinders en Tieners LeefKerk	**08:00—10:00** *Stil Nagmaal en stasies van die kruis* 	Opstandingsfees Prediker: Ds. Janet Cruywagen Tema: Ek is .... die Opstanding *16:00 Ruimtesig diens*

Gebedsbediening

Gemeenteraad:

Baie geluk aan Valleisig se jongmense wat vanoggend belydenis van geloof gaan aflê.

Voorbidding word gevra vir siekes:

John Coetzee, Annatjie Coetzee, Tollie de Beer, Christine de Lange, Chrisoleen Duminy, Frans Etsebeth, Inge Lübbe, Ronel Skeen, Thys van Wyk, Marinda Vlok.

Operasie: Dalene du Bruyn.

Oorlede: Willem Kempen, Pieter de Lange en Anna du Plessis. Innige meegevoel aan Zuricha ,Christine en Anna se familie.

Skakel die kantoor indien jy van lidmate weet wat siek is, hospitaal toe gaan, 'n krisis beleef of skryf die besonderhede in "Siekeboek" op die toonbank.

Gebedsposbus: Indien jy 'n gebedsversoek het, of dankie wil sê, skryf die versoek neer en plaas in die houtkissie op die toonbank in die ingangsportaal of stuur aan admin@valleisig.org.za. Versoeke word vertroulik hanteer.

Valleisig se nuusblad Kwartel is op die toonbank beskikbaar is of kan op die webblad besigtig word.

Nuwe Lidmate:

Baie welkom in Valleisig! Na afloop van die erediens kan jy by die toonbank in die voorportaal vir ons die nuwe lidmatevorm voltooi en in die dankoffergleuf gooi. Ons sien baie daarna uit om jou te ontmoet!

Bronberg Erediens 14 April om 16:00 by Bronberg Aftree-Oord.

Onthou om jou Heilige week vou-kruis te vat om te gebruik in die lydensweek voor Goeie Vrydag.

Baie geluk!

Ds. Benja het bevestiging ontvang dat hy sy nagraadse studies suksesvol afgehandel het.
Ds. Benja sal eersdaags sy M-Phil graad (in Personal and Professional Leadership) by die Universiteit van Johannesburg in ontvangs neem.

Program vir die week

Ma. 15 Apr.	Di. 16 Apr.	Wo. 17 Apr.	Do. 18 Apr.
05:30 Bybelstudie vir Manne – Navrae: Johan Greeff 083-412-6977 **09:00** Valleisig Dienssentrum— in die Buitesaal. **18:30** Finansies en Barmhartigheid vergadering	**19:00** "Griefshare" begin	**09:00** Bybelstudie in die konsistorie **10:30** Vraagteken gespreksgroep by "Steak inn" **19:00** Doopgesprek 2	**13:30 Geen** Naaldwerk-klasse vir huishulpe by die kerk.

Administrasie

Doop:

Indien jy in die tweede kwartaal van 2019 wil doop kan jy die eerste van 4 doopgesprekke bywoon. Die datums is aangeteken in Kalender 2019. Indien jul graag jul baba op **5 Mei wil doop**, is die volgende belangrik. **Doopgesprek 2 is 17 Apr.** en Doopgesprek 3 is 2 Mei om 19:00 in die Raadsaal. Albei ouers woon die doopgesprek by. Reël asb. toesig vir jul kinders. Vul asb. 'n doopvorm vir ons in voor die doopgesprek en handig by die kerkkantoor in. (Verkieslik 'n maand voor die doop).

Bewys van lidmaatskap:

Monique Leask en dooplidmaat Maddison vanaf Florauna.

Vergaderings:

15 April 18:30 Finansies & Barmhartigheid.

Leraars

Di. Doret Niemandt en Janet Cruywagen se Vaste Termyn Kontrakte is omgeskakel na permanente leraarsposte. Baie geluk aan die twee leraars met julle permanente aanstellings!

SnapScan—'n Maklike manier om jou betaling te doen

Dankoffers

Verjaarsdagoffer:

Verjaarsdagoffer kan gegee word deur koeverte wat op die toonbank beskikbaar is te gebruik, SnapScan (gebruik kode onderaan) of deur dit elektronies oor te betaal. ('verjaarsdag' in afsendersveld) Dankie vir jou bydra.

Elke druppel tel.

Op 'n Gemeenteraadsvergadering van 8 April is Wynand Johannes Oosthuizen verkies as Gemeenteraadslid vir Diensverhoudinge.

Algemeen

Valleisig Senior bediening bied in samewerking met **El-pida**, 'n **PIK-en-PROE** geleentheid aan. Kos van **12** verskillende lande soos Indië, Japan, Indonesië, RSA, Egipte, Mexico, Peru, Engeland, Italië, Portugal, Duitsland en Nederland, gaan voorgesit word. Kom verlekker jouself aan vreemde, sowel as bekende kossmake. By die geleentheid gaan daar ook 'n spreker optree, wat oor die Koptiese godsdiens in Egipte gaan praat. 'n Insiggewende onderwerp!

'n Beperkte aantal kaartjies sal beskikbaar wees.

Datum: 23 Mei 2019 om 10:00 in buitesaal
Spreker: Hany Immanuel oor Koptiese godsdiens
Ete: Sysaal. R50 p.p.
Kaartjies vanaf 24 April by Kerkkantoor en El-pida. Moenie hierdie interessante geleentheid misloop nie. Bespreek vroegtydig.

"Griefshare"

As jy 'n eggenoot, kind, ouer of ander familie-lid, vriend of medewerker deur die dood verloor het, het jy waarskynlik gevind dat daar nie baie mense is wat die seer wat jy voel verstaan nie. Griefshare is 'n wonderlike program wat gelei word deur mense wat verstaan wat jy moet meemaak in hierdie tyd. Dit is 'n program wat jou help om nuwe moed en krag te vind om die proses van herstel aan die gang te sit. Hierdie program help jou om uit te sien na die herbou van 'n normale lewe - jy hoef dus nie hierdie pad alleen te stap nie. Ons wil jou uitnooi na hierdie geleentheid wat strek oor 13 weke. Almal is welkom.

Wanneer begin ons: 9 April 19:00.

Koste: R120 (Alle materiaal ingesluit asook 'n koppie tee/koffie)

Kontak gerus vir Ds. Janet vir meer inligting by 0824661265 of janetcruywagen@gmail.com

Valleisig Seniors

Tydens April maand gaan ons besoek aflê by die

Walter Sisulu Botaniese tuin

Almal word hartlik uitgenooi om hierdie uitstappie mee te maak!

Besoek: Walter Sisulu Botaniese tuin – Krugersdorp
Datum: 23 April 2019
Vervoer: Busvervoer. Vertrek vanaf kerk om 08:30
Tye: 08:30 tot ongeveer 14:00 terug by kerk
Kostes: R100 pp betaalbaar **slegs** by kerk kantoor. **Verversings:** Vir eie sak
Afsnydatum: Bespreek by kerkkantoor. Besprekings sluit op Do. **18 April.**
Ons sien daarna uit om 'n dag, heerlik in die natuur, saam deur te bring!

Mosambiek uitreik 2019

20 – 30 Junie in die **Machaila** omgewing

Kom help met die oprig van 'n kerkdak, verbeterings aan geboue, kinderbediening, vrouebediening ens.
Ons gaan ook 2 dae by Inhassoro ontspan na die harde werk.

Sluitingsdatum: 27 Mei
Navrae: Benja
Inskrywingsvorms is by die toonbank/ webblad beskikbaar of kontak vir Benja.

As jy nie kan saamgaan nie kan jy die uitreik ondersteun deur gebed, skenk van beskuit of koekies, finansiële bydraes vir die aankoop van boumateriaal.

Musiekbediening

Die Gemeenteraad het die aanstel van 'n musiekbedieningsleier goedgekeur. Die Diensverhouding bediening is tansbesig met hierdie deeltydse pos se advertensie en is versoek om die aanstellingsproses so spoedig moontlik af te handel.

Baie dankie vir die insette wat ontvang is asook die Musiekbediening se navorsing in dié verband.

Ubaba Unathi – "Daddy with us" – Maak 'n verskil –Werkswinkel

SAVF FAMNET FATHERS' NETWORK

This programme (5 sessions) was designed by SAVF to understand the value of father involvement in the life of the child and to empower both parents to increase father involvement.

Die ***Ubaba Unathi*** -program wil 'n positiewe bydrae lewer om bogenoemde te bereik

*Hoewel die werkswinkel vir vaders saamgestel is, kan vrouens dit verseker ook bywoon. (Soms is die Moeder die "Gatekeeper" teen die Vader wat ernstige nadele vir die kind inhou.)

*Die werkswinkel is gratis (slegs die werkboek word aangekoop teen 'n minimale bedrag). .

*Dit sal by Valleisig kerk aangebied word.

Belangstellendes wat hul werkers wil inskryf vir hierdie merkwaardige geleentheid of enige ander inligting wil bekom, kontak asb:

Jolene Jansen van Vuuren. (Opgeleide en geregistreerde groepleier – SAVF FAMNET).

jolenejvv.c21@gmail.com of 083 658 3138 (laat asb. 'n stem-boodskap indien geen antwoord nie).

Saam kan ons 'n verskil maak

www.famnet.co.za www.justdadit.co.za

LeefKerk 14 April

Babas	Kleuters	Gr. R-7 Kinders	Gr. 8-11 Tieners
Vergader 28 April om 10:00 in konsistorie Martha v Rooyen 084-580-4271	**09:00 In Kleuterlokaal** Marelize Ferreira 084-506-6612	**10:15 Jeuglokaal** Navrae Olga Ludwick 074-247-2797.	**10:15 Jeuglokaal** Marilene Funk 082-3716-402

Nood en Uitreik

Borde kos:

Borde gevriesde kos word asb. benodig.
Navrae: Jozua Joubert 082-538-7636.

Kruideniersware:

Nie-bederfbare voedsel word benodig:
Koffie, tee, suiker, melk, rys, pasta, olie, koek-meel, mieliemeel, hawermout, blikkieskos, konfyt, grondboontjiebotter, soppoeier, jellie, badseep, opwasmiddel, sjampoe, tandepasta, toiletpapier, sneesdoekies, onderarm aanrol middels.

Koester 'n kind projek:

Dankie dat lidmate kleingeld in die GROOT bottel in die voorportaal gooi.
Navrae: Elma Knipe 082-627-8977.

Thusa Behoeftige Kleuterskole:

Dink asb aan ons as u **TREK / HUIS skoonmaak /WEGMAAK.** Alles moet asb. in goeie toestand wees.

Daar is 98 behoeftige personeellede met eie kinders en 700 Kleuters. **Elsa Meyer 012 9915156 / 083-273-8262.**

El-pidá Dienssentrum vir Pretoria-Oos:

EL-PIDÁ
DIENSSENTRUM | SERVICE CENTRE

Gekookte etes vir seniors is op Maandae by Valleisig gemeente beskikbaar. Bestellings moet asb. 4 dae voor die tyd by Judy 012-991-6316 / 083-325-2102 geplaas word.

16 Apr. 09:30 Fliek "Storie van Ellen Pakkies" R20 p.p. By Wapadrand Gemeente.

17 Apr. 10:00 In dieselfde bootjie — Mense met kinders oorseë.

27 Apr. 08:00 4x4 Uitstappie na de Wildt. Bespreek asb. by Judy.

Kleutertruitjieprojek

Ons is nou in die pylvak van die brei van truitjies vir die kleuterskole in die Weste van Pretoria! Ons beoog om teen die middel van Meimaand dit aan die kinders te besorg sodat hulle gereed is vir die winter wat voorlê. Die dames wat so met passie brei word herinner om die teikendatum ingedagte te hou en as daar nog nuwe mense is wat aan hierdie projek mee wil werk, is hulle ook baie welkom. Daar is steeds genoeg wol beskikbaar.

Skakel vir Ria Keulder by 083-388-0142 vir meer inligting.

Bybelstudie vir Jong werkendes/studente is Donderdae aande 19:00 - 20:00. Kontak Dewald
079 499 5112 niemandtad@gmail.com

Bybelstudie vir Jong ouers is Woensdae aande
19:00 - 20:00. Kontak Dewald
079 499 5112 niemandtad@gmail.com

Wie in My bly, dra baie vrugte

Lees: Johannes 15:1-8

Jesus praat met Sy dissipels, en so ook met ons, in 'n taal wat ons kan verstaan. Die beeld is van Jesus as die ware wingerdstok, Sy Vader die boer, en ons as die lote. Lote wat nie vrugte dra nie, word afgesny, en lote wat vrug dra (hulle doel bereik) word reg gesnoei sodat hulle nog meer vrugte kan dra.

Vir lote wat wel aan die wingerdstok bly, is daar 'n baie sterk versekering:
"vra dan net wat julle wil, en julle sal dit kry."
Beteken dit as ons Jesus aanneem, dat Hy nou alles wat ons begeer vir ons gaan gee?

Die antwoord lê in wat presies ons begeer.

Lote kan net vrugte dra wat by die wingerdstok pas. Dit verwys na werke wat die Vader verheerlik en nie onsself nie. Voordat ons dan vra wat ons wil, moet ons wil eers in lyn kom met Jesus se wil. M.a.w. ons moet in Jesus bly en Sy woorde in ons – 'n proses wat soms deur die Vader reg gesnoei sal moet word.

Ons wat Jesus aangeneem het, wat reeds sy lewegewende bloed in ons are het – laat ons, ons dan toelê daarop om Sy woorde te hoor en te verstaan in die Bybel, wanneer ons stil word saam met Hom, en saam met medegelowiges.

Dan kom ons wil in lyn met Jesus s'n, en kry ons lewens betekenis want ons dra baie vrugte – by die werk, op vakansie, in ons gemeenskap, en in die kerk.

Barend Taute
barendjet@gmail.com



Korttermynversekering

Persoonlike en Kommersiële versekering.

Almo Beleggings BK

Ons kry kwotasies en vergelyk dit met jou huidige versekering of help graag met eerste versekering.

Dit stel jou in staat om 'n ingeligte besluit te neem en dalk premie te bespaar.

Kontak ons vir professionele advies en vriendelike diens.

Skakel Gerda of Annarie: 012 997 3081 / 071 671 6026

almo@lantic.net

Capital Singers saam met Joseph Clark, Elvis Blue en Vicky Sampson.
4 en 5 Mei 2019 in die Sun Arena by Time Square. Kaartjies beskikbaar by Computicket.

Te Koop

Ruimtesig Aftree-Oord

1 slaapkamer

1 Badkamer

Naby versorging

Navrae:

Suzanne

083-422-7355